

Die sewe Feeste van die Jode.



Lev 23:2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye.

Die sewe feeste van die Jode in Levitikus 23.

Hierdie feeste is nie net histories van aard is nie, maar ook profeties.

Al sewe hierdie feeste is in kronologiese volgorde gestel, m.a.w. wat presies in volgorde moet gebeur.

- a) Die eerste drie feeste is van toepassing op Jesus.
- b) Die vierde en vyfde feeste is van toepassing op die "KERK" (grieks "EKLESIA") of bruid van Jesus.
- c) Die sesde en sewende feeste is van toepassing op die Joodse nasie.

Die eerste vier feeste het reeds letterlik profeties in vervulling gekom in die Nuwe Testament. Die laaste drie feeste sal dan ook letterlik profeties vervul word.

Die eerste fees wat nou profeties vervul moet word, is die vyfde - die Basuinfees, wat 'n tipe van die wegraping of wegvoering van die bruid van Jesus Christus, die komende Bruidegom is.

Die laaste drie feeste, 5, 6 en 7 is dan ook bekend as wederkoms feeste.

DIE SEWE FEESTE

1. Pasga (Paasfees = die kruisiging van Jesus.)
2. Fees van ongesuurde brode (= instelling van die Nagmaal.)
3. Fees van die eersteling gerf (= opstanding van Jesus.)
4. Fees van die weke (= uitstorting van die Heilige Gees.)
5. Basuinfees (= wegraping of wegvoering van die bruid.)
6. Versoenfees (= Versoening vir die Joodse nasie.)
7. Loofhuttefees (= Duisendjarige Vrederyk)

PASGA - OF PAASFEES

Lev 23:1 Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê:

Lev 23:2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye.


Lev 23:3 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die **sewende dag is dit 'n dag van volkome rus**, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is **'n sabbat van die** HERE in al julle woonplekke.

Lev 23:4 Dit is die feestye van die HERE, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.

Lev 23:5 In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die pasga van die HERE;

Die Paasfees is op die veertiende Nisan gevier. [Die lam was reeds op die 10de Nisan uitgesoek en vanaf die 11de tot die 13de deeglik ondersoek - Exo 12] Dit het vir Israel gedien as 'n herinnering aan die bevryding uit Egipte. Die viering daarvan is deur die Here deur wetgewing vasgestel. (Ex 12 en 13, Lev 23, Num 28 en Deut 16) Die fees is in die aand gevier, maar die lam moes ongeveer 3nm geslag word. Die twee belangrikste elemente van die viering was die bestryking van die deurposte met die bloed van die lam tot versoening van die inwoners, en die gemeenskaplike maaltyd waarby die huisgenote reisgereed bymekaar gekom het vir die eet van die lam saam met bitter kruie en ongesuurde brode.

Met die instelling van die Paasfees het God die eerste formele riglyne gelê waarvolgens Sy verlossingsplan vir die mensdom 1500 jaar later sy finale gestalte sou kry.



Ongesuurde Brood

Op Paasfees sterf Jesus aan die kruis van Golgota en Hy word die Paaslam vir ons geslag.

1Kor 5:7 **Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg** kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paas-

Iam is vir ons geslag, naamlik Christus.

Jesus kom drie dae voor die Paasfees in Jerusalem aan, en vir drie dae ondersoek die Skrifgeleerdes en die Fariseers Hom [net soos die paaslam drie dae lank deursoek moes word vir vlek of rimpel.] Hulle kon niks teen Hom kry nie. Joh 18:38 Pilatus sê vir Hom: Wat is waarheid? En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie.

God het opdrag gegee dat daar van die Paaslam geen bene gebreek mag word nie.

Exo 12:46 In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie.

Net so is daar van ons Paaslam [Jesus] ook geen bene gebreek nie.

Psa 34:21 Sjin. Hy bewaar al sy bene: nie een daarvan word gebreek nie. [1,000 jaar voor Christus, geprofeteer.]

Joh 19:33 maar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie.

Joh 19:36 Want hierdie dinge het gebeur, dat die Skrif vervul sou word: Geen been van Hom sal gebreek word nie.



Die Jode se Paasfees word vervang deur Christus se kruisdood.

(2) DIE FEES VAN DIE ONGESUURDE BRODE

Lev 23:6 en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die HERE; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet.

Hierdie fees is verbind aan die pasga. 'n Fees van 7 dae. [15-21 Nisan] Dit val saam met die begin van die garsoes.

Voor die Paasdag moes alle suurdeeg uit die huis verwyder word en tot op die 21ste Nisan, moes slegs brood wat sonder suurdeeg gebak is, geëet word.

Die Joodse Fees van Ongesuurde Brode word vervang deur ons Nagmaal seremonie. (Sy begrafnis.) Net soos die Jode van ouds op hulle knieë die huis deursoek het om elke krummel suurdeeg uit te gooi, moet ons ook ons lewens in die lig van die Woord van God deursoek, en van alle boosheid en ondeug reinig.

Joh 6:51 Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.

1Kor 11:23 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;

1Kor 11:24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.



Joh 12:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.

(3) DIE FEES VAN DIE EERSTELING GERF = BEWEEGOFFER.

Omdat Israel 'n winter reënvalstreek is, vind die Beweegoffer vir die eerste keer gedurende die lente-maand, Nisan, plaas.

Lev 23:10 Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle

in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring.

Lev 23:11 En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevaldig kan wees; die dag ná die sabbat moet die priester dit beweeg. (Joodse Sabat = Vrydag 18.00 tot Saterdag 18.00)

Die dag na die Sabbat (Sondag) het Jesus uit die graf opgestaan. Hy was self die koringkorrel (Joh 12:24) wat in die grond moes val om weer op te kom en baie vrug te dra.

Luk 24:1 En baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week [die dag na die Sabbat - Sondag] {tot vers 12.}

Joh 20:1 En op die eerste dag van die week (Sondag) kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. {tot vers 18}

Jesus bring die eerste beweegoffer tydens opstanding, en die koringkorrel wat in die grond geval het, het op hierdie Sondagmore sy eerste vrug opgelewer. 'n Nuwe bedeling breek aan - van SABBAT NA SONDAG. Die beweegoffer vind altyd op 'n Sondag plaas.

[1Kor 15:14 En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof;

1Kor 15:20 Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.

1Kor 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;

1Kor 15:23 maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.]

Joh 20:17 Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God.

Joh 20:27 Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig.



Jesus het voordat Hy deur 'n mens aangeraak was opgevaar om voor God te WAAI as eerstelinggerf. Die beweegoffer uit die dood!

Hierdie fees word in ons Sondagviering, die eerste dag van die week, verwesenlik. Ons behoort ook ons eerstelinggerf: ons tiendes en offergawes - na die huis van die Here te bring, sodat ons welgevallig kan wees by God. Ons beweeg ook op hierdie dag, in aanbidding, soos 'n koringaar voor ons Koning.

(4) DIE FEES VAN DIE WEKE - PINKSTER

Lev 23:16 tot die dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel; **dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan die HERE bring.**

Die 50ste dag na die kruisiging - weer 'n Sondag. Sewe weke na die fees van die ongesuurde brode is die fees van die weke, of soos dit vandag bekend staan Pinksterfees. Dit was 'n eendaagse fees waarop twee brode (Israel en die Kerk) as beweegoffer na die tempel gebring is tesame met brand-, spys- en drankoffer, asook 'n sond- en 'n dankoffer. Dit is ook genoem die fees van die oes. Later is die benaming Pinkster daarvoor gebruik - die Griekse woord vir die vyftigste (dag).



Op die dag en datum dat die Jode in Jerusalem aangekom het om hierdie fees te vier, het God hierdie fees vervang deur die Pinksteruitstorting van die Heilige Gees.

Op die 50ste dag na die uittog uit Egipteland kom Israel by Sinai aan waar hulle die wet ontvang en 3,000 sterf a.g.v. afgodery. (WET)

Op die 50ste dag na die Kruisiging stort die Here sy Heilige Gees uit en 3,000 kom tot bekering. (GENADE)



Al vier feeste in die eerste maande is dag en datum vervang in Christus.

Veertig dae na die kruisiging is Jesus Hemel toe. Tien dae later - op die 50ste dag - word die Heilige Gees uitgestort.

Daar bly dus net drie van die sewe feeste oor: dié wat eers baie later [in die sewende maand van die Joodse kalender - 20 Sept -20 Okt] plaasvind. Ons kan dus verwag dat as die eerste vier 'n vervulling in Christus gehad het, die laaste drie ook DAG en DATUM in Christus vervang gaan word.

Na die Pinksterfees volg vier maande. Die Oesinsameling van 4 maande is Profeties van die Kerkbedeling. Joh 4: 35 " Sê julle nie: Dit is nog vier maande, dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes."

DIE FEESTE VAN DIE WEDERKOMS.

(5) DIE BASUIN VAN GOD (WEGVOERING)

DIE SJOFAR (Ramshoring)

Lev 23:24 Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die **maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.**

Die sewende maand is die Einde van die Oesseisoen en dit word ingely deur 'n heilige dag van Basuingeklank - die oes



is verby. (Afsluiting van die genade tydperk)

Die dag is soos 'n Sabbat gevier, as 'n rusdag en die twee silwer trompette wat instaan vir al die eersgeborenes, in die tempel, is geblaas. (Rosj Hashanah) Hierdie fees spreek van 'n rusdag, deur basuingeklank. (maand Tishri - 20 Sept tot 20 Okt.)

DIE WEGVOERING

Vyf is die getal van saamroeping, oproeping, byeenroeping.

Die fees van die basuingeklank is die "Parousia" - die teenwoordigheid van die Here by sy bruid.

Hierdie fees is nog nie deur sy verwesenliking vervang nie en dit is vir hierdie heilige sameroeping met basuin - geklank dat ons ten alle koste gereed moet wees.



1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal **met 'n geroep**, met **die stem van 'n aartsengel** en met ge-klank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

Luk 21:36 Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug (7 jaar verdrukking) en voor die Seun van die mens te staan.

1Thes 5:3 Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid dan **oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensood 'n swanger vrou**, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.

1Thes 5:4 Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.

(6) JOOM KIPPOER

Lev 23:27 Maar op die tiende van hierdie sewende maand is

dit die versoendag. 'n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en **aan die HERE 'n vuur-**offer bring.

Lev 23:28 En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is '**n versoendag** om vir julle versoening te doen voor die aangesig van die HERE julle God.



Die groot versoendag het op die tiende Tisjri geval. Dit was die heiligste dag van die jaar, en die wet het streng bepalinge oor die viering daarvan bevat. Hierdie fees geld egter net vir die Jode wanneer die Messias sal kom om die ongeregtigheid te versoen.

Volgens Joodse tradisie is Joom Kippoer die nag waarop die Almagtige sy oordeel oor die dade van die mensheid vel. Op hierdie feesdag bid die Jode dus om vergifnis en om 'n jaar van vrede en geluk vir die hele wêreld. Dit was ook op hierdie versoendag dat die hoëpriester eenmaal in die jaar die Allerheiligste kon ingaan om vir die hele volk versoening te weeg te bring. Intussen het Jesus met sy eie bloed die Heiligdom ingegaan om vir ons 'n ewige versoening teweeg te bring. (Heb 9:1-16) Maar vir die Joodse volk moet hierdie versoendag nog aanbreek. In die wederkoms, wanneer sy voet sal staan op die Olyfberg wat teenoor Jerusalem lê, sal dit tegelyk 'n dag van verootmoediging en versoening wees vir Israel.

Die verwesenliking van die groot versoendag kom wanneer die Here aan die einde van die groot verdrukking op die Olyfberg neerdaal om Sy vyande te verpletter, Jood met God te versoen in Hom met sy wederkoms en om sy duisenjarige vrederyk te stig.

(7) DIE LOOFHUTTE FEES - SUCCOT

Die opdrag ten opsigte van die instelling van Succot is aan Israel gegee terwyl hulle veertig jaar lank in die songeteisterde Sinai-woestyn rond geswerf het. Die huttefees was 'n vrolike fees, wat ook die karakter van 'n oesfees gedra het. Dit het sewe dae geduur, (15-21 Tisjri) en moes dien om Israel gedurig aan die woestyntog te herinner en ook was dit 'n profetiese fees wat vorentoe gewys het na hulle ewige verblyf by God (Die Vrederyk). Dit het plaasgevind aan die begin van die nuwe landboukundige jaar wanneer die eerste gebede vir reën opgegaan het: reën wat, in die Midde-Ooste, die verskil tussen lewe en dood, tussen oes en hongersnood, kan beteken. Toe hulle die Beloofde Land bereik, het hulle hierdie Fees gevier gedurende die warm, stil dae van die herfstyd.

Uit alle dele van die land het hulle in vreugdevolle groepies opgekom na Jerusalem om hulle geskenke na die huis van die Here te bring. Niemand mag met leë hande gekom het nie.

In die stad het elke gesin sy "succa" of hut gebou van die takke van die palm-, mirte- en die wilgerboom. Hier het die mans vir sewe dae geslaap. Terwyl hulle so deur die blare en die takke na die menigte sterre kyk, het hulle die woorde van die Psalm-digter herhaal: "Ek wil sing tot eer van die HERE, omdat Hy aan my goed gedoen het." (Ps 13:6 b) Bedags het die vrouens en die kinders by die mans aangesluit vir die maaltye in die "succa" en om hulle bevryding van slawerny in Egipte te herdenk. Dan het elke man 'n "hulav" gemaak, takke van die palm-, mirte- en wilgerboom wat aanmekaar gebind is en 'n "etrog" die mooiste van alle sitrusvrugte. Dit het hy dan gedurende die fees gedra.

Die fees het met 'n rusdag begin en is voortgesit met daaglikse vuuroffers, feesmaaltye op die tempelterrein waaraan ook die slawe en vreemdelinge deelgeneem het. [Volgens Jode is nie-Jode verplig om dit saam te vier.] Optogte waarby vrugte en die opbrengs van die land na die tempel as gawes gebring

is, sang en musiek was deel van die fees.

Die laaste dag van die fees - die groot dag - ["Simchat Torah"] was die agste dag. Hierdie laaste dag van die fees is gekenmerk deur die seremonie van die dra van die Boekrol deur die strate van Jerusalem in 'n groot optog waarin die feesgangers met 'n palmtak in die een hand en 'n sitroen in die ander hand deelneem, terwyl die priesters sewe maal om die altaar loop en die tempel sangers Psalm 118 sing. By vers 25 het die volk ingeval en daarna volg die seremonie van die pleng van water uit die Siloabron teen die altaar, terwyl die hoëpriester bid vir reën en seën oor die land.

Die drie feeste in die sewende maand word vandag in Israel genoem die fees van die Messias of anders gestel Die Wederkoms Feeste. [\[Die Jode verwag hulle Messias in die sewende maand van hulle kalender.\]](#) Van die drie feeste is die Loofhuttefees die belangrikste en van diepgaande betekenis gesien in die lig van die toekomstige heerskappy van die Messias. Dit was gedurende hierdie fees dat Salomo sy groot Tempel in Jerusalem ingewy het, en die manifestasie van God se glorie so oorweldigend was, dat die priesters van weë die heerlikheid nie kon bly staan nie.

Dit is die enigste Joodse fees met opdragte aan beide Jood en nie-Jood om voor die Here in Jerusalem te vergader en daar gesamentlik 'n 'offer van dank' aan die Here te bring. Van geslag tot geslag het die Jode spesifiek gebed vir die nie-Jode dat hulle sal kom na die fees sodat die koms van die Messias verhaas kan word, want hulle glo dat dit die teken van Sy koms sal wees.

Hierdie fees in die sewende maand van die Joodse kalender is die glorieryke, volmaakte oomblik --- die dag van finale vrede en rus --- wat deur die profete van Israel voorspel is.

Tydens hierdie fees reik ons in hierdie aardse woestynreis in ons tydelike "succot" uit na die profetiese vervulling in die

toekoms, daardie dag wanneer die Bruidegom sal verskyn sal " ... die aarde vol word met die kennis van die heerlijkheid van die HERE soos die waters die seebodem oordek. " [Hab 2:14]

Die huweliksmaal van die Lam sal plaasvind en die profeet se visioen sal vervul word, wanneer die nasies van die aarde ingesamel word en hulle na Jerusalem sal optrek om saam fees te vier en met hulle Heer te jubel by Sy glorieryke Loofhuttefees.

Sag 14:16 En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskaare, en om die huttefees te vier.

Sag 14:17 En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskaare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie.

Die Joodse Kalender in vergelyking met ons kalender:

1. *Abib (Nisan) Maart-April*
2. *Iyyar (Ziv) April-Mei*
3. *Sivan Mei-Junie*
4. *Tammuz Junie-Julie*
5. *Ab Julie-Augustus*
6. *Elul Augustus-Sept.*
7. *Tishri (Tisri) September-Okt.*
8. *Marchesvan (Bul) Oktober- Nov.*
9. *Chisleu November-Des.*
10. *Tebeth Desember-Jan.*
11. *Sebat Januarie-Feb.*
12. *Adar Februarie-Maart*

*Tishri 20 Sept - 20 Okt.
Lev 23:24 - Basuinfees.
Tipe van Wegraping :
Joh 14: 2 & 3
1 Thes 4: 13-18.*

20 Sept tot 20 Okt.....

Is dit nie miskien wanneer ons Bruidegom gaan kom nie ??? "Maranata kom Here Jesus"

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Epos: konanja333@gmail.com

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

